So is ons verraai (4)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

Die ANC, 1912

Nieblankes was nie deel van die grondlegging van, en het ook geen betekenisvolle politieke regte in hierdie nuwe staat "Suid-Afrika" gehad nie. Die grondwet het bepaal dat slegs blankes lede van die nasionale Parlement in Kaapstad kon wees (*Van der Walt et al.: 473*). Die nieblankes in die Kaap het die eiendom-gekwalifiseerde stemreg wat hulle sedert die 1850's bekom het, behou, maar nou, soos toe, het te min van hulle die eiendomsdrempel bereik om enige betekenisvolle politieke invloed te kon uitoefen. Soos reeds gemeld, is die Kaapse nieblankes se gekwalifiseerde stemreg nie na die voormalige Republieke uitgebrei nie.

Hierdie nuwe skepping "Suid-Afrika", het in 1910 as 'n Britse kolonie tot stand gekom en sy grondwet was 'n stuk Britse wetgewing. Dit was 'n wet van die Britse Parlement wat die nieblankes van politieke mag in Suid-Afrika uitgesluit het.

Die nieblanke bevolking was ongelukkig oor hulle uitsluiting in die nuwe grondwetlike bedeling. Dit het weereens duidelik geword dat die Britte deur hulle nieamptelike militêre bondgenootskap met swartes teen die Boere slegs agt jaar tevore, vêrreikende verwagtinge by die nieblanke bevolking geskep, maar nie nagekom het nie. Swartes en kleurlinge het gedurende 1909, tydens die aanloop na unifikasie, 'n groot aantal protesvergaderings, insluitend 'n swart konvensie (*"Black Convention"*), gehou. Een organisasie, die *National Natives Union*, het die stemreg vir alle nieblankes op dieselfde basis as vir blankes in die nuwe te stigte staat geëis, dekades voordat soortgelyke eise deur swartes in ander Afrikastate gestel sou word. (In hierdie stadium het selfs blanke vrouens in Suid-Afrika nog nie stemreg gehad nie en dit sou nog dekades duur voordat dit aan hulle toegestaan sou word). Toe hulle in Suid-Afrika voor geslote deure te staan gekom het, het swartes en kleurlinge 'n deputasie na Engeland gestuur om die Britse Parlement te probeer oorreed om nie die Suid-Afrika Wet goed te keur nie, maar ook dié poging was sonder enige sukses (*Van Jaarsveld: 262-265*).

By 'n konferensie te Bloemfontein op 8 Januarie 1912, het 'n aantal swart leiers naderhand die *South African Native National Congress* gestig. Die naam is mettertyd na die *African National Congress (ANC)* verander. In sy openingstoespraak het die sameroeper, Pixley ka Seme, verklaar dat die beweegkrag vir die stigting van die organisasie "*creating unity and defending our* (Black) *rights and privileges*" was (*Walshe: 14*). Van meet af aan het die ANC se doel, naamlik bevordering van swart politieke regte, egter hand aan hand gegaan met die sosialistiese/kommunistiese agenda van baie van sy lede. Teen 1927 is Khaile, 'n swart lid van die *SA Communist Party*, as Algemene Sekretaris verkies, en teen die 1950's het mense

© 2020

soos J B Marks, Moses Kotane en andere gelyktydig leidende rolle in beide die ANC en die *SA Communist Party* gespeel. Sedert die 1960's op die laatste, het sosialiste en kommuniste die dominante faksie in die ANC geword (*Norval, M: 29-41*).

Die Swart Grond Wet (*Natives' Land Act*), 1913

Ongeveer 'n jaar ná die stigting van die ANC het die nuwe Suid-Afrikaanse regering onder Louis Botha as Eerste Minister, die Swart Grond Wet, No 27 van 1913, gepromulgeer. Hierdie wet het betrekking gehad op "enige persoon... van 'n inboorlingras of stam van Afrika" (*"any person... of an aboriginal race or tribe of Africa"*). Mense van gemengde afkoms (Kleurlinge) en Indiërs was dus daarvan uitgesluit. Voortgaande op die patroon van Rhodes se *Glen Gray* wetgewing, het dit geskeduleerde gebiede in Suid-Afrika (sowat 9 000 000 hektaar of 86 000 km^2) vir die uitsluitlike okkupasie van swartes afgesonder. Terselfdertyd het dit swartes verbied om in Transvaal, die Vrystaat en Natal grond buite die geskeduleerde gebiede te besit of te huur. Die wet was egter wederkerig: dit het ook blankes verbied om grond in die geskeduleerde swart gebiede te besit. Die geskeduleerde gebiede het uit die dele van die land waarin swartes tradisioneel gewoon het, bestaan, en die wet het hulle teen ontbinding weens moontlike uitkoping deur groot blanke kapitaal, beskerm. Dit het ook vir sekere uitsonderings voorsiening gemaak. So, byvoorbeeld, het dit nie die verkryging en voortsetting van swart eienaarskap van enige grond in die Kaapprovinsie verbied nie, omdat so 'n verbod swartes sou verhoed het om daar te stem. Swartes, insluitend die ANC, het die wet aanvaarbaar gevind. **John Dube, wat in daardie stadium president van die ANC was, het in 'n brief aan Eerste Minister Louis Botha geskryf: "*We make no protest against the principle of segregation in so far as it can be fairly and practically carried out*"** (*Gann & Duignan: 49; Walshe: 47*).

Aangesien die Swart Grond Wet swartes verhoed het om grond buite die aangewese swart gebiede te huur, het dit die praktyk van "deelsaaiery" beëindig. Die praktyk het daaruit bestaan dat 'n swarte selfstandig grond op 'n blanke se plaas kon bewerk en dan die opbrengs met die eienaar deel. Dié betrokke wet het tot gevolg gehad dat die deelsaaiers na hul stamgebiede moes terugkeer of in diens van die grondeienaar moes tree. Grondeienaars is ook verbied om enige huurgeld of ander vorm van kompensasie van plaaswerkers te ontvang. In die kringe waar die wet misnoeë gewek het, is daar onder andere beweer dat die "deelsaaiers" beter landbouers as die Boere was. Daar mag weliswaar enkele goeie produsente onder die swartes gewees het, maar die algemene voorstelling dat hulle "beter boere as die blankes" was, is net nog 'n belaglike voorbeeld van anti-Boerepropaganda, veral as in aanmerking geneem word watter gemors swartes 'n eeu later van boerdery op die beste landbougrond in Suid-Afrika sou maak, ten spyte van die gevestigde plase en ultramoderne toerusting wat hulle van die regering ontvang.

© 2020